HOëRSKOOL PRETORIA-NOORD
BEHEERLIGGAAM

Privaatsak X05
PRETORIA-NOORD
0116
administrasie@pnhs.co.za

H/v Berglaan en Eeufeesstraat
PRETORIA-NOORD
(012) 546-6590
(012) 546-9463

INSAKE BEURSE : HOËRSKOOL PRETORIA-NOORD

Hierdie beurse is vir huidige graad 7 leerders wat uitmuntend presteer het op akademiese-, leierskap-, kultuur- en sportgebied. Die doel met hierdie beurse is tweeledig:

- eerstens hoop ons dat dit sal dien as 'n motivering vir jong "sterre" in ons gemeenskap en
- tweedens is dit 'n poging van ons om hierdie leerders in ons gemeenskap te behou.

Die beurse kan in twee kategoriëe gedeel word.

KATEGORIE A:
Hierdie beurse neem die vorm van 'n korting op skoolfonds aan en word as volg bereken:

- Daar is 4 afdelings waarin 'n leerder kan kwalifiseer vir 'n beurs:

1)	Sport	=	Provinsiale kleure vir 'n sport binne skoolverband
2)	Akademie	=	Top drie
3)	Leierskap	=	Hoofleiers en Onderhoofleiers
4)	Kultuur	=	Top kultuurleerling

- 'n Leerder kwalifiseer vir 50% afslag op skoolfonds vir die graad 8 jaar vir elke afdeling waarin hy/sy presteer het.
- Indien 'n leerder in twee of meer afdelings presteer het kwalifiseer hy / sy vir 100% afslag op skoolfonds vir die graad 8 jaar.
- Indien 'n leerder opgeneem is in ' n Cravenweek A of B rugbyspan kwalifiseer hy vir 100% afslag op skoolfonds vir die graad 8 jaar.

KATEGORIE B:
Hierdie beurs neem die vorm van 'n korting op skoolfonds aan en word as volg bereken:

- Daar is 4 afdelings waarin 'n leerder kan kwalifiseer vir 'n korting:

1)	Sport	=	Speel vir 'n skool se 1ste span (5%) Speel AVS provinsiaal/nasionaal (7.5%) Speel klub provinsiaal (10%)
2)	Leierskap	=	Dien op die leerlingraad van sy/haar skool (5%)
3)	Kultuur	=	Besondere kultuur prestasies (5%)
4)	Akademie	=	'n Gemiddeld van 80% op die finale rapportpunt (5%)

'n Leerder kan slegs vir kategorie A of B kwalifiseer, maar kan binne 'n kategorie vir al 4 afdelings kwalifiseer, met 'n maksimum van 100%.

Aansoekvorms moet voltooi word en ingehandig word by die kantoor van die hoof se persoonlike assistent by H/S Pretoria-Noord, teen die einde van Oktober van die graad 7 jaar.

Daar sal met u in verbinding getree word sodra die aansoeke verwerk is.

Groete

Mnr SL Samons
VOORSITTER: H/S PRETORIA-NOORD

UITVOERENDE KOMITEE:	Mnr. S Samons ***(Voorsitter)***, Mnr.A Meyer ***(Onder-Voorsitter)***, Mnr. CJC Driescher ***(Skoolhoof)***, Dr. L Scholtz ***(Tesourier)***, Mej. H Taljaard ***(Sekretaresse)***.
OUERLEDE:	Mev. L Scholtz **(Dissipline)**, Mev. T Potgieter ***(Skakeling Akademies)*** , Mev M Booy **(Voorkoms en Simbole)**, Mnr W Slabbert **(Veiligheid en Sekerheid)**, Mev. E Potgieter ***(Leierskap)***, Mnr. F Knowles ***(Leerderprestasies)***
OPVOEDERLEDE:	Mev. C Agenbag **(Kultuur)**; Me. A Stoop***(Voorraad & Toerusting)***, Me. Anneke Smith ***(Bemarking)***
NIE-OPVOEDERLEDE:	Mnr. N Venter ***(Sport)***, *Mnr. F Venter* ***(Veiligheid en Sekerheid)***, Me. Zita de Lange ***(Noorderlig)***
LEERLINGLEDE:	**UK-Lede:** Mej. Madelein Potgieter, Mej Zouine van Wyk en Mnr. Johann Muller

AANSOEKVORM

BESONDERHEDE VAN OUER/VOOG:

Naam en van: _____

Woonadres: _____

_____

Posadres: _____

Kontak _____ (huis)
Nommers _____ (werk)
_____ (selfoon)
_____ (faks)
_____ (e-pos)

BESONDERHEDE VAN LEERLING:

Naam en van: _____

Naam van Laerskool: _____

Geboortedatum: _____

1.SPORT

SPORTSOORT	SPAN	JAAR

2. LEIERSKAP (spankaptein, klasleier, leerderraad, ens)

_____
_____
_____

3. KULTUUR DEELNAME

_____
_____

4. AKADEMIESE PRESTASIES

_____
_____

VOORWAARDES:

- ✓ Die toekenning van hierdie beurs word gedoen volgens die diskresie van die hoof en beheerliggaam van Hoërskool Pretoria-Noord en hulle staan onder geen verpligting om enige beurstoekenning te maak nie.
- ✓ Die beursreëlings sal direk met die finansiële kantoor van die skool gereël word.
- ✓ Indien die beurs aanvaar word, sal die beurshouer verplig wees om ten minste vir die jaar waarvoor die beurs toegeken word, ingeskryf te bly by Hoërskool Pretoria-Noord.
- ✓ Die beurs sal onmiddellik opgeskort word indien die beurshouer voor die dissiplinêre komitee van die skool moet verskyn as gevolg van gedragsprobleme.
- ✓ Die hoof en beheerliggaam van Hoërskool Pretoria-Noord behou die reg om te eniger tyd die beurs op te skort waarna u aanspreeklik gehou sal word om die beurs onmiddellik terug te betaal met rente.

Ek, _____(volle name en van) het kennis geneem van die beursvoorwaardes en verstaan wat dit behels en doen hiermee formeel aansoek namens my kind vir 'n beurs by Hoërskool Pretoria-Noord.

Geteken op hierdie_____dag van _____ 2016 te _____

_____ _____

HANDTEKENING VAN OUER/VOOG **HANDTEKENING VAN GETUIE**